UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# G E N E R A A L P. A. C R O N J E.

## 'n LEWENSKETS.

deur

HENDRIK PETRUS VAN COLLER, M.A.,

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN 'n DEEL VAN DIE

VEREISTES VIR DIE GRAAD DOKTOR IN WYSBEGEERTE

IN DIE

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,

P R E T O R I A.

DESEMBER 1945.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*Genl. P. A. Cronjé.*

**—(Foto uit Penning.)**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# - I N H O U D . -

Bladsy.

VOORBERIG .................................................. i.

GESLAGREGISTER .................................................. iii.

HOOFSTUK. 1 : AFKOMS, GEBOORTE EN JEUG .................. 1.

Voorouers. - Geboorte.- Eerste lewensjare.- Huislike atmosfeer.- Veewagter.- Vader trek na die Oranje-Vrystaat.-Moeilikheid met die Grikwas.- Botsing.-Engelse regering meng in. -Indruk op Cronje.- Trek na Transvaal.-Skoolopvoeding.- Cronje word boer.- Voorkoms en karaktertrekke.- Op kommando.- M.W. Pretorius gekies tot president van die S.A.Republiek.- Cronje se houding.-Pretorius se verenigingsplanne.- Inmenging in Vrystaatse aangeleenthede. - Gevoelens loop hoog in Transvaal.- Cronje hou hom buite die twiste.- Verlowing.- Sy huwelik.

HOOFSTUK 2 : ASSISTENT-VELDKORNET .................. 18.

Pligte.- Vervulling daarvan.- Moeilkheid begin opnuut.-Pretorius met verlof na Bloemfontein.- Word president van die O.V.S.-Transvalers ontevrede.-Volksraadsitting van 10 Sept. 1860.- Cronje politieke teenstander van Pretorius-party.- Bly buite stryd.- Burgeroorlog.- Schoeman versus Kruger.- Komdt. Viljoen.- Botsing tussen hom en Kruger.- Cronje kies kant.-Skermutseling te Krokodilrivier.- Broedertwis beëindig.- Pretorius die nuwe president.-Op kommando teen Moshesh 1865.- Sy dapperheid.- Terug op sy plaas.-Voorsetting van pligte.- Verskyn voor Hof van Landdros en Heemrade.- Word beboet.- Cronje boos.- Versoek sy ontslag.- Regering keer dit goed.

HOOFSTUK 3 : BOEREVOORMAN .................. 32

Cronje onttrek hom aan die openbare lewe.- Dr. Burgers word president.-Spoorweguitbreiding.- Moeilikheid met Sekoekoeni.-Burgers raak in onguns.-Die anneksasie van Transvaal.- Die Eerste Deputasie.-Doornfontein.-Joubert na Bartle Frere.-Kleinfontein.-Sir B.Frere.- Wonderfontein.-Dertig Voormanne.- Voorman Cronje.- Protes van die Voormanne-Pretorius en Bok gearresteer.-Cronje Hoofvoorman.-Cronje trek sy burgers saam.- Kruger verhoed bloedvergieting.-Deputasie na die Kaap.-Brief aan Gladstone.-Anneksasie bly ongedaan.-Engelse dagvaar Boere.- Cronje en sy burgers betaal belasting onder protes.- Die wa-saak.-Raaff opgedra om Cronje in hegtenis te neem.-Misluk.- Elandskuil.-Kaalfontein.-Paardekraal.- Kommandant Cronje.- Gekies om proklamasie te Potchefstroom te druk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsy.

HOOFSTUK 4 : POTCHEFSTROOM........................... 56.

Cronje vertrek na Potchefstroom.-Lê beslag op die drukpers.-Engelse vuur eerste skote. -Cronje val aan.-Majoor Clarke gee oor.-Terme van oorgawe.-Krygsraadsitting.-Dissiplinêre maatreëls.-Finansiële aangeleenthede.-Vyandelikhede op ander plekke begin.-Mislukte onderhandelings met president Brand.-Teregstelling van verraaiers.-Ander verantwoordelikhede. -Die naturelle-gevaar.-Bitsige briefwisseling tussen Cronje en die regering te Heidelberg.

HOOFSTUK 5 : DIE TIRAN VAN POTCHEFSTROOM............ 84.

Skermutseling met die Engelse in die kamp.- Gevegsterrein te Potchefstroom.- Amajoeba.- Wapenstilstand.-Terme.- Cronje verwittig.- Mollett.- Krygsraad.- Cronje versoek verdere instruksies.-Onderhoude met Kol.Winsloe.- Oorgawe van Engelse kamp.-Voorwaardes.-Hoflikheid van die Boere.-Engelse garnisoen verlaat Potchefstroom.-Verraad?- Optrede van die Driemanskap.- Cronje se aandeel aan die Eerste Vryheidsoorlog.

HOOFSTUK 6 : KRYGSMAN IN NATURELLE-OORLOË...........103.

Moeilikhede op die suidwestelike grens van die Republiek.- Cronje stuur kommando.- Mapochstam voorspel moeilikheid.-Oorlog. -Cronje se burgers onwillig. Cronje vertrek later.-Val die vyand aan.-Verlof.- Kommandeer sy burgers op.- Die stryd beëindig.-Cronje kandidaat vir die pos van Komdt.-genl.-Joubert gekies.- Bedanking van Joubert.-Cronje waarn. Komdt.-genl.-Joubert volgende jaar herkies.-Die Massouw-oorlog.- Cronje in die veld. -Onderwerping van Massouw.

HOOFSTUK 7 : VOLKSRAADSLID..........................125.

Volksraadslid vir Potchefstroom.-Debatte oor die Pretoria-Konvensie.-Kommissieman.-Optrede in die Volksraad.-Salarisse.- Kruger-ondersteuner.-Dissipline en ordelikheid.-Lê betrekking neer om waarn. Komdt.-genl.te word. -Herkies in 1889.- Spoorwegontwikkeling.- Houding teenoor Uitlanders.- Word weggeloot.

HOOFSTUK 8 : DIE JAMESON-INVAL.....................147.

Kommandant vir Potchefstroom-distrik.- Uitlanders en Kruger.-Die kommandeervraagstuk.-Sluiting van die driwwe.-Die Jamesonkomplot.-Jameson val die Transvaal binne.- Cronje opgekommandeer.- Vertrek na Krugersdorp. -Slaags met Britse troepe.- Oorgawe.- Onderhandelings.- Onvoorwaardelike oorgawe.-Leiers van Hervormingsbeweging in hegtenis geneem.- Verhoor van Jameson.- Cronje van verraad beskuldig. Sy optrede geregverdig.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsy.

HOOFSTUK 9 : SUPERINTENDENT VAN NATURELLE..........165.

Memories om die poste van Superintendent van Naturelle en Komdt.-genl. te skei.-Cronje Superintendent van Naturelle.-Nayver van Joubert.-Poging om Cronje uit die Uitv. Raad te hou.-Pligte.-Aanvaar die pos.- Reise.-Invordering van belastings.-Hofsaak met Bapedi-vroukaptein Toeremetsjani. - Die Magato-oorlog.

HOOFSTUK 10 : OORLOG..................................183.

Transvaal berei voor vir oorlog.-Volksraadsittings van 27 en 28 Sept. 1899.- Oproeping van burgers.-Cronje opperbevelhebber oor die wesfront. -Sy houding i.v.m. die oorlogsverklaring.-Sy getalsterkte.-Verspreiding en verdeling van sy mag. -Vrystaatse burgers opgekommandeer 2 Okt..-Vrystaatse regering vertraag oorhandiging van die ultimatum.- Spanning.- Verspreiding van Republikeinse magte.-Oorhandiging van die ultimatum, 9 Okt.. Oorlog.

HOOFSTUK 11 : MAFEKING..................................194.

Cronje gereed.- Mafeking versterk.-Kraaipan.- Beleg van Mafeking.-Cronje swak strateeg.- De la Rey vertrek na Veertienstrome.-Verhouding tussen Cronje en sy ondergeskikte offisiere.- Eentonige beleg.-swak krygstaktiek aan begin van die oorlog.-Cronje vertrek met hoofmag na Modderrivier.

HOOFSTUK 12 : MODDERRIVIER..............................217.

Opmars van Lord Methuen.-Voorbereidings vir die slag deur genl.De la Rey.-Nuwe taktiek.-Aankoms van genl.Cronje. - Neem die opperbevel oor.- Finale voorbereidings.-Methuen se foutiewe opvattings.- Geveg ontbrand.- Engelse ly groot verliese.- Namiddag verlaat Vrystaters hulle posisies.- Cronje genoodsaak om posisies te verlaat.- Val terug.- De la Rey se teleurstelling.

HOOFSTUK 13 : MAGERSFONTEIN.............................231.

President Steyn besoek burgers.-Nuwe posisies uitgekies.-Magersfonteinstellings.-Voorbereiding.-Engelse bestook Magersfonteinkoppe.- Boere gereed in die loopgrawe.- Nagtelike opmars van die Highland Brigade.- Vreeslike slagting.- Cronje se skitterende oorwinning.- Neerlaag veroorsaak verontwaardiging in Engeland en Skotland.

HOOFSTUK 14 : NA MAGERSFONTEIN.........................248.

Cronje se negatiewe houding.-Groot Engelse versterkings.-Toppunt van sy krygsmansroem.- Alledaagse lewe in die laer.-Lord Roberts.- Opmars na Kimberley.-French se perdekommando.- Cronje verras.-Sy posisie in gevaar.-Voorbereidings vir die terugtog.-Kies die verkeerde weg.- Paardeberg.- Cronje weier om uit te vlug.-Klou aan sy laer.- Wapenstilstand.-Voortsetting van geveg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsy.

HOOFSTUK 15 : OORGAWE..................................272.

Korrespondensie tussen Cronje en Roberts.- Ontsetkommando's.- Engelse bestook die laer hewig met kanonvuur.-Ellende , lyding en smarte.- Toestand kritiek.-Danie Theron se waagstuk.- Boodskap aan Cronje.-Beskrywing van die toestand in die laer.-Cronje se houding.-Stem in.- Word verhinder deur vol rivier en gebrek aan brug.-Posisie haglik.-Toestand uiters sorgwekkend. -Cronje span sy laaste kragte in om oorgawe te voorkom.-Oormag te oorweldigend.-Die einde.- Oorgawe.- Cronje in die hande van Roberts.

HOOFSTUK 16 : BALLINGSKAP.............................292.

Cronje se oorgawe 'n geweldige slag vir die Republikeinse wapens.- Na Kaapstad.- Per skip na Simonsbaai.- Na 'n maand na St. Helena verban.- Eensame ballingskap.-Sy eggenote geestelik gekrenk. -Napoleon se lot.-Gevoel van burgers teenoor Cronje.- Besoeke ontvang.-Vrede.- Repatriasie.- Aankoms in Suid-Afrika.- Terug na sy plaas.

HOOFSTUK 17 : LAASTE LEWENSJARE.......................306.

Die dood van sy eggenote.- Eensame lewe op sy oudag.-Die St.Louis -Wêreldtentoonstelling. -Cronje besluit om deel te neem.-Vertrek na Noord-Amerika.-Aanvanklike moeilikhede.-Sy rol aan die vertonings.- Sy tweede huwelik.- Lewenswyse.- Buitelandse persbeskouings.-Cronje bly in Amerika agter.- Keer terug na Suid-Afrika.- Lewe op sy plaas.- Ongelukkige tweede huwelik.- Karaktertrekke en gewoontes.- Siekte.- Dood.- Begrafnis.- Slotwoord.

BYLAE 1 - 3 ...........................................326.

LYS VAN GERAADPLEEGDE BRONNE ..........................331.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## VOORBERIG.

Dit was vir my altyd opvallend dat die naam van genl. Cronje in die ry van vername Boere-aanvoerders 'n beskeie plek ingeneem het. By feesgeleenthede en helde-aande word daar gewoonlik hulde gebring aan helde soos Kruger, Steyn, De Wet, Joubert, De la Rey en ander maar selde of ooit word Cronje se naam vermeld. Digters het sy dade nie besing nie, prosaskrywers het hom haas nie raakgesien en skilders het hom nie op die doek verewig nie.

Onder die jonger geslag is hy 'n vrywel onbekende figuur. Op skool en universiteit word nie veel van hom gehoor nie; slegs sy roemlose oorgawe te Paardeberg word genoem. Baie van die ouer geslag hoor sy naam nie graag nie. Vir hulle was daar iets verkeerd in sy optrede te Paardeberg.

Sy oorgawe het hom onder sy landgenote 'n verdagte persoon gemaak. Jonger aanvoerders het die stryd met roem beëindig en met vleklose naam daaruit gekom. Sommige het nog lank geleef om 'n belangrike rol te speel. Hy het na die oorlog van die toneel verdwyn en 'n vergete persoon geword. Om sy naam het 'n waas van geheimsinnigheid gehang. Oor sy lewe het 'n sluier toegesak.

Dit sou interessant wees om dit te lig en te sien wat daar agter verskuil is. Daarom het ek sy lewe nagevors en dit in hierdie werk probeer beskryf.

Baie graag wil ek my innige dank en waardering teenoor/....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teenoor my hooggeagte promotor, Prof. Dr. I.D.Bosman van die Voortrekker Universiteit, Pretoria, uitspreek vir die deeglike leiding wat ek gedurende al die jare van studie van hom ontvang het. Vir my was dit 'n plesier en voorreg om uit sy ryke kennis en rype lewenservaring te kon put. Hy het my nie alleen met die nodige vakkennis toegerus nie, maar by my 'n besondere voorliefde vir my vak ontwikkel. Gedurende die jare wat ek onder sy toesig aan hierdie werk gearbei het, het hy geen moeite ontsien om my met waardevolle raad en hulp by te staan nie. Sy onvermoeide arbeid en opbouende kritiek het my in staat gestel om die werk te voltooi. My opregte dank hiervoor!

My dank gaan ook uit na die baie persone wat my met die insameling van onmisbare gegewens behulpsaam was. Daar is so baie van hulle dat ek onmoontlik elkeen kan noem. Veral dien vermeld te word die naam van die Hoofargivaris van die Unie, Dr. Coenraad Beyers, wat altyd baie belang gestel en nuttige wenke aan die hand gegee het. Die bekwame argiefpersoneel het my ook getrou bygestaan en verdien 'n spesiale woord van erkentlikheid.

Ek kan nie nalaat om my dank uit te spreek aan die bibliotekarisse en personele van die Merensky-, Staats-, Onderwys-, Unie-Onderwys-, Johannesburgse Openbare-, Witwatersrandse Universiteits- en die Germistonse Carnegiebiblioteke nie.

Ten slotte ook my innige dank aan Mnr. P.H.S. van Zyl vir sy vriendelike vergunning om 'n paar afdrukke van foto's uit sy Helde-Album te gebruik.

...............

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## G E S L A G R E G I S T E R. 1)

Pierre Cronje , oorspronklik Franse vlugteling uit Normandië, is die stamvader van die Cronje-geslag in Suid-Afrika. In die geslagregister van generaal Cronje wat hier aangegee word, word alleen sy direkte stamlyn aangetoon.

1. PIERRE CRONJE - getroud met - SUSANNA TAILLEFER(T).
gebore 1671.
oorlede 2 Sept. 1718. oorlede 13 Febr. 1724.

2. PIERRE CRONJE - getroud met - SUSANNA ROIJ.
gedoop 24 Sept. 1713. getroud 19 Mei 1741.

3. STEPHANUS CRONJE-getroud met - SUSANNA JACOBA HAARHOFF.
gedoop 29 Jan. 1747. - getroud 18 Julie 1773.

4. FRANCOIS JOHANNES CRONJE - getroud met - HERMINA ELIZABETH DE JAGER.
gedoop 24 Sept. 1780.

5. ANDRIES PETRUS CRONJE - getroud met - JOHANNA CHRISTINA GELDENHUIS.
oorlede 19 Sept. 1882. - oorlede 13 Julie 1878.

6. PIETER ARNOLDUS CRONJE(DIE GENERAAL):
gebore 4 Okt. 1836. - oorlede 4 Febr. 1911.

GETROUD MET:- 1. HESTER SUSANNA VISSER.(24 Des.1857.
gebore 8 Mei 1840.
oorlede 16 Nov. 1903.

2. Johanna Walter - weduwee Sterzel.
getroud 28 Junie 1904, St.Louis, Noord-Amerika.

Uit die huwelik van PIETER ARNOLDUS CRONJE EN HESTER SUSANNA VISSER is nege kinders gebore Johannes Hendrik, Jacomina Margaretha, Johanna Christina, Pieter Arnoldus, Hester Susanna, Catharina Magdalena, Hercules Jacobus, Frans Johannes Cornelius en Andries Petrus.

---

1). Hooggeregshof, Pretoria:
i. Boedel Nr. 17249 - van wyle genl. P.A.Cronje;
ii. Boedel Nr. 17026 - " " Hester Susanna Cronje;
iii. Boedel Nr. 2084 - " " A.P.Cronje, vader van die generaal;
iv. Boedel Nr. 1080 - " " C. Geldenhuis, moeder van die generaal;
C. Coetzee De Villiers: Geslacht-Register Der Oude Kaapsche Familiën, bls. 177 e.v.;
C.Graham-Botha: Die Kaapse Hugenote, bls.77;A.J.Kannemeyer: Hugenote-Familieboek, bls. 37;Grafopskrifte op die grafstene van wyle genl.-en Mevr. Cronje, Kerkhof. Palmietfontein.